# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

**30 April 2026**

Beste Volkie Ouers

**HEMELVAART - 14 MEI 2026**

Ons vier op Donderdag, 14 Mei 2026 Hemelvaartdag. Dit is een van ons belangrikste Christelike dae. Daarom gaan ons die dag ook anders hanteer. Ons woon 10:00 'n kerkdiens by in die Klipkerk. Daar vind ook geen formele onderrig plaas op die dag nie. Ons sal 'n program volg wat betrekking het op Hemelvaart. Leerders wat aan ander gelowe behoort is welkom om die dag by die huis te bly.

**GRAAD R KLEUTERATLETIEK - 9 MEI 2026**

Ons jaarlikse kleuteratletiek vind plaas op Saterdag, 9 Mei 2026. Ons verwag bykans 500 atlete die dag. Ondersteun ons groot asseblief. Dit is ons toekomstige Volkies.

**WINTERKUIER - 29 MEI 2026**

Ons Winterkuier vind vanjaar plaas op Vrydagaand, 29 Mei 2026. Dit is verseker een van die hoogtepunte van ons sosiale kalender. Bespreek asseblief u lapa of kaartjies by Me. Chrisna of Me. Rozél in die Adminkantoor. Tydens die geleentheid word die trekking gedoen vir ons kontantpryse van R100 000, R50 000 asook R25 000. Die leerders wat die meeste kaartjies verkoop kry die geleentheid om te besluit watter juffrou of meneer moet die dompelstoel inneem vir 'n lekker ysbad. Daar is ook opwindende pryse vir leerders en klasse wat die meeste kaartjies verkoop.

**TERREIN ONTWIKKELING**

Ons is besig om die Lighuis op te gradeer. Ons volgende stap is die lê van plaveisel. Indien enige ouer belangstel om dit te doen, is u welkom om daarvoor te kwoteer. Handig asb. u kwotasie in voor 15 Mei 2026 by Mev. Chrisna Meyer. Kontak gerus vir Mnr. Piet, indien u enige navrae het.

**PROGRAM VIR DIE WEEK**

| DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|
| 5 Mei | Netbal vs Eligwa | Tuis |
| 7 | Rugby vs Vaalpark | Tuis |
| 8 | NG Suikerbosrand Basaar | Kerkterrein |
| 9 | Kleuteratletiek – Gr R | Laer Volkskool rugbyveld |
| | Mini-rugby | Midvaal |

P. STRYDOM: HOOF

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za